



**education**

Department of  
Education  
FREE STATE PROVINCE

**GRAAD 11**

# **REKENINGKUNDE VRAESTEL 1**

**NOVEMBER 2019**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 UUR**

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye, en 'n antwoordboek van 9 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

Lees die volgende instruksies noukeurig deur en volg dit presies.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin AL die vrae in beantwoord moet word.
3. 'n FORMULEBLAD met finansiële aanwysers is voorsien agter aan die vraestel. Jy mag dit gebruik indien nodig.
4. Toon ALLE berekeninge om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nie-programeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart pen gebruik om die vraestel te beantwoord.
7. Waar nodig, wys alle berekeninge tot EEN desimale punt.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as 'n riglyn wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om NIE van die af te wyk NIE.

| <b>VRAAG 1: 65 punte; 40 minute</b> |                           |
|-------------------------------------|---------------------------|
| <b>Onderwerp van die vraag:</b>     |                           |
| Finansiële state                    | Begrippe<br>Inkomstestaat |

| <b>VRAAG 2: 30 punte; 18 minute</b> |                           |
|-------------------------------------|---------------------------|
| <b>Onderwerp van die vraag:</b>     |                           |
| Finansiële state                    | Notas tot die Balansstaat |

| <b>VRAAG 3: 35 punte; 20 minute</b> |                                        |
|-------------------------------------|----------------------------------------|
| <b>Onderwerp van die vraag:</b>     |                                        |
| Ontleding en vertolking             | AARP-beginsels<br>Finansiële aanwysers |

| <b>VRAAG 4: 20 punte; 10 minute</b> |                                    |
|-------------------------------------|------------------------------------|
| <b>Onderwerp van die vraag:</b>     |                                    |
| Vaste bates                         | Vastebatenota<br>Probleemoplossing |

**VRAAG 1: BEGRIPPE EN INKOMSTESTAAT****(65 punte; 40 minute)**

- 1.1 Kies 'n beskrywing van KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – C) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.3) in die ANTWOORD-BOEK.

| KOLOM A |                       | KOLOM B |                                                                                |
|---------|-----------------------|---------|--------------------------------------------------------------------------------|
| 1.1.1   | Balansstaat           | A       | Die verskil tussen bedryfsbates en bedryfslaste                                |
| 1.1.2   | Inkomstestaat         | B       | Weerspieël die finansiële posisie van die besigheid vir 'n spesifieke tydperk. |
| 1.1.3   | Netto bedryfskapitaal | C       | Weerspieël wins of verlies vir 'n finansiële tydperk                           |

(3)

**1.2 MM WINKELS**

Die volgende inligting hou verband met MM Winkels (vennote Mothekhe en Mahlatsi) vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2019.

**GEVRA:****1.2.1 Verwys na Inligting A en B en bereken:**

- Drawaarde van die voertuig wat op 30 November 2018 verkoop is. (5)
- Totale waardevermindering op toerusting op 28 Februarie 2019. (7)

- 1.2.2 Stel die Inkomstestaat (Staat van Omvattende Inkomste) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019 op. (50)

**INLIGTING:****Uittreksel van die Vooraansuiweringsproefbalans op 28 Februarie 2019 :**

|                                                          |           |
|----------------------------------------------------------|-----------|
| <b>Balansstaatrekeninge-afdeling</b>                     |           |
| Grond en geboue                                          | 1 600 000 |
| Voertuie                                                 | ?         |
| Toerusting                                               | 250 000   |
| Opgehoopte waardevermindering op Toerusting (01/03/2018) | 85 000    |
| Handelsvoorraad                                          | 386 500   |
| Debiteurekontrole                                        | 88 500    |
| Voorsiening vir oninbare skuld                           | 3 650     |
| Verbandlening: Speed Bank                                | 1 056 000 |
|                                                          |           |
| <b>Nominale rekeninge-afdeling</b>                       |           |
| Verkope                                                  | 5 500 000 |
| Koste van verkope                                        | 3 150 000 |
| Debiteure-afslag                                         | 32 500    |
| Oninbare skuld                                           | 13 600    |
| Huurinkomste                                             | 169 500   |
| Rente op lening                                          | ?         |
| Versekering                                              | 19 220    |
| Salarisse en lone                                        | 475 000   |
| Oninbare skuld ingevorder                                | 4 750     |
| Verbruiksgoedere                                         | 67 500    |
| Bankkoste                                                | 7 760     |
| Diverse uitgawes                                         | 140 085   |
| Rente inkomste                                           | ?         |

**Aansuiwerings en addisionele inligting:**

- A.** Geen inskrywing is vir die voertuig wat op 30 November 2018 kontant vir R97 700 verkoop is, gemaak nie. Besonderhede van die voertuig:
- Kosprys, R190 000
  - Opgehoopte waardevermindering (1 Maart 2018), R72 000
  - Waardeverminderingkoers: 20% p.j. op kosprys
- B.** Maak as volg voorsiening vir waardevermindering:
- Op die oorblywende voertuie – R138 000 vir die finansiële jaar
  - Op toerusting teen 10% p.j. op die verminderde-saldometode.
- LET WEL:** Nuwe toerusting is op 1 September 2018 vir R32 000 aangekoop en geboekstaaf.
- C.** Goedere is op krediet aan 'n debiteur, J. Vos, vir R15 000 verkoop en is nie geboekstaaf nie. Die winsopslag is 60% op kosprys.
- D.** 'n Fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2019 toon dat R374 000 se handelsvoorraad voorhande is.

- E.** Verbruiksgoedere deur die jaar gebruik, beloop R61 700.
- F.** Die rekening van 'n debiteur, H. Hansie, vir R1 900 moet as oninbaar afgeskryf word.
- G.** Inskrywings volgens die bankstaat van Februarie 2019 moet nog in die boeke van die besigheid aangeteken word:
- Bankkoste, R870
  - Debietorder vir die maandelikse versekeringspremie, R1 780
- H.** Voorsiening vir oninbare skuld moet tot R4 030 aangesuiwer word.
- I.** Die volgende inligting verskyn op die leningstaat:

|                                         |           |
|-----------------------------------------|-----------|
| Saldo op 1 Maart 2018                   | 1 356 000 |
| Rente is gekapitaliseer                 | ?         |
| Terugbetalings deur die finansiële jaar | 300 000   |
| Saldo op 28 Februarie 2019              | 1 200 000 |

- J.** 'n Werknemer, H. Brooks, wat op 1 Februarie 2019 by die onderneming begin werk het, is uit die Salarisjoernaal weggelaat. Besonderhede vir sy salaris van Februarie 2019 is as volg:

| BRUTO<br>SALARIS | AFTREKKINGS |                    |     | BYDRAES            |     |
|------------------|-------------|--------------------|-----|--------------------|-----|
|                  | LBS         | PENSIOEN-<br>FONDS | WVF | PENSIOEN-<br>FONDS | WVF |
| 13 500           | 2 190       | 1 080              | 135 | 1 620              | 135 |

**LET WEL:** Alle bydraes word as deel van salarisse en lone aangeteken.

- K.** Die huurinkomste is met R1 500 per maand vanaf 1 November 2018 verhoog. Die huurder het nog nie Februarie 2019 se huur betaal nie.
- L.** Rente inkomste is die balanserende syfer in die Inkomstestaat.
- M.** Netto wins vir die jaar beloop R1 500 000.

**VRAAG 2: BALANSSTAAT EN NOTAS****(30 punte; 20 minute)**

Die volgende inligting is uit die boeke van Bravil Handelaars geneem. Die besigheid gebruik 'n winsopslag van 60% op kosprys.

**GEVRA:**

2.1 Berei die volgende notas op 28 Februarie 2019 voor:

2.1.1 Kapitaal (8)

2.1.2 Privaatrekening (20)

2.2 Beantwoord die volgende vraag:

2.3.1 Venoot Brand is ontevrede met die verloop van die vennootskap. Verskaf TWEE redes. (2)

**Saldo's in die boeke op 1 Maart 2018:**

|                                   | R       |
|-----------------------------------|---------|
| Kapitaal: A. Brand                | 550 000 |
| Kapitaal: J. Viljoen              | 240 000 |
| Privaatrekening: A. Brand (Kt.)   | 65 400  |
| Privaatrekening: J. Viljoen (Dt.) | 21 600  |

**Inligting:**

Venoot Brand verhoog sy kapitaal met R150 000. Venoot Viljoen het sy kapitaal met R60 000 verminder.

Die vennote het die volgende gedurende die jaar onttrek:

- J. Viljoen – R55 900 kontant  
– R15 100 handelsvoorraad
- A. Brand – R13 000 kontant  
– R10 500 skryfbehoeftes  
– R4 800 handelsvoorraad teen verkoopprijs

**Die vennootskapsooreenkoms stipuleer die volgende:**

1. Venoot Brand se salaris is dubbel die salaris van venoot Viljoen.
2. Rente op kapitaal – beide vennote ontvang rente op kapitaal.
3. Die primêre verdeling vir die jaar beloop R384 500.
4. Netto wins vir die jaar is R404 500.
5. Oorblywende winste moet gelykop tussen die vennote verdeel word.

**VRAAG 3: AARP EN FINANSIËLE AANWYSERS****(35 punte; 20 minute)**

- 3.1 Pas die begrip in KOLOM A by die beskrywing in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (3.1.1 – 3.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

| <b>KOLOM A</b> |                           | <b>KOLOM B</b> |                                                                                                                                                      |
|----------------|---------------------------|----------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| 3.1.1          | Historiese koste beginsel | A              | Finansiële state word voorberei met die veronderstelling dat die onderneming in die toekoms sal voortgaan om handel te dryf.                         |
| 3.1.2          | Lopende saak beginsel     | B              | Bates word aangeteken teen die oorspronklike aankoopprys, behalwe indien anders aangedui word.                                                       |
| 3.1.3          | Paringsbeginsel           | C              | Geld wat as gevolg van diefstal van voorraad verloor is, word afgeskryf al is daar 'n moontlikheid dat dit in die toekoms ingevorder kan word.       |
| 3.1.4          | Omsigtigheidsbeginsel     | D              | Die huurder het R39 000 betaal. Dit sluit een maand se huur vir die volgende finansiële jaar in. Slegs R36 000 word in die Inkomstestaat aangeteken. |

(4)

**3.2 DN HANDELAARS**

Inligting uit die rekords van DN Handelaars (vennote Dlamini en Nhlapo) vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2019 word voorsien.

**GEVRA:**

- 3.2.1 Bereken die volgende vir 2019:

- Persentasie winsopslag op kosprys (4)
- Bedryfsverhouding (3)
- Vuurproefverhouding (4)
- Vennoot Nhlapo se persentasie opbrengs verdien. (5)
- Die skuld/ekwiteitverhouding (3)

- 3.2.2 Lewer kommentaar oor die likiditeit van die onderneming. Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers (met syfers) in jou antwoord. (4)

- 3.2.3 Het die vennote die regte besluit geneem om die lening te verhoog? Verduidelik. Haal TWEE finansiële aanwysers, met syfers, aan om jou verduideliking te steun. (4)

- 3.2.4 Dlamini is ongelukkig met sy verdienste op sy belegging. Verduidelik waarom jy dink hy so voel. Haal bedrae aan.

(4)

**INLIGTING:**

- A. Uittreksel van die Inkomstestaat op 30 April 2019:

|                         |            |
|-------------------------|------------|
| Verkope                 | R4 257 000 |
| Bruto wins              | 1 677 000  |
| Bedryfsuitgawes         | 1 064 250  |
| Netto wins vir die jaar | 720 000    |

- B. Uittreksel van die vennote se lopende rekeninge op 30 April 2019:

|                             | DLAMINI | NHLAPO  |
|-----------------------------|---------|---------|
| Totale primêre verdeling    | ?       | 279 570 |
| Finale verdeling van winste | 118 020 | 59 010  |
| Ottrekkings                 | 198 000 | 210 000 |

- C. Uittreksel uit die Balansstaat op 30 April:

|                                 | 2019             | 2018           |
|---------------------------------|------------------|----------------|
| <b>Vennote se ekwiteit</b>      | <b>1 237 300</b> | <b>838 300</b> |
| • Kapitaal                      | 975 000          | 885 000        |
| • Privaatrekeninge              | 262 300          | (46 700)       |
| <b>Lening: Biki Bank</b>        | <b>742 380</b>   | <b>85 000</b>  |
| <b>Bedryfsbates</b>             | <b>598 080</b>   | <b>441 600</b> |
| • Handelsvoorraad               | 276 400          | 200 800        |
| • Handels en ander ontvangbares | 288 880          | 220 600        |
| • Kontant en kontantekwivalente | 32 800           | 20 200         |
| <b>Bedryfslaste</b>             | <b>427 200</b>   | <b>368 000</b> |
| • Handels en ander betaalbares  | 328 360          | 339 240        |
| • Korttermynlening              | 98 840           | 28 760         |

- D. Besonderhede van die vennote se ekwiteit op 30 April:

|                  | DLAMINI |         | NHLAPO  |          |
|------------------|---------|---------|---------|----------|
|                  | 2019    | 2018    | 2019    | 2018     |
| Kapitaal         | 650 000 | 535 000 | 325 000 | 350 000  |
| Privaatrekeninge | 202 720 | 22 300  | 59 580  | (69 000) |
|                  | 852 720 | 557 300 | 384 580 | 281 000  |

E. Finansiële aanwysers op 30 April:

|                                       | 2019 | 2018    |
|---------------------------------------|------|---------|
| Bedryfsverhouding                     | ?    | 1,2 : 1 |
| Vuurproefverhouding                   | ?    | 0,7 : 1 |
| Skuld/ekwiteitsverhouding             | ?    | 0,1 : 1 |
| Opbrengs op ekwiteit : Dlamini        | 54%  | 46%     |
| Opbrengs op ekwiteit : Nhlapo         | ?    | 81%     |
| Opbrengs op totale kapitaal aangewend | 69%  | 43%     |
| Rente op lening                       | 13%  | 13%     |

35

**VRAAG 4: VASTE BATES EN PROBLEEMOPLOSSING (20 punte; 12 minute)****4.1 BESTUUR VAN VASTE BATES**

Die volgende inligting hou verband met Kobus Handelaars vir die finansiële jaar geëindig op 28 Februarie 2019.

**GEVRA:**

4.1.1 Bereken die ontbrekende bedrae aangedui (i) tot (iv) in die Vastebatenota. (11)

**INLIGTING:**

A. Vastebatenota

|                                       | GROND EN<br>GEBOU | VOERTUIG        | TOERUSTING |
|---------------------------------------|-------------------|-----------------|------------|
| <b>Drawaarde op 1 Maart 2018</b>      | 1 500 000         | 250 000         |            |
| Kosprys                               |                   | 740 000         | 520 000    |
| Opgehoopte waardevermindering         | 0                 | (ii)            | (210 000)  |
| <b>Bewegings</b>                      |                   |                 |            |
| Toevoegings                           | (i)               | <b>R330 000</b> | 160 000    |
| Bateverkope teen drawaarde            | 0                 | 0               | (77 248)   |
| Waardevermindering                    | 0                 | (iii)           |            |
| <b>Drawaarde op 28 Februarie 2019</b> | 1 860 000         | (iv)            |            |
| Kosprys                               |                   | (v)             |            |
| Opgehoopte waardevermindering         |                   | (617 500)       |            |

- B. Aanbouings is gedurende die jaar aan die pakhuis gedoen.
- C. 'n Nuwe voertuig is op 1 November 2018 aangekoop.
- D. Toerusting met 'n kosprys van R142 000 is op 1 Desember 2018 ingeruil vir nuwe toerusting. Hierdie transaksie het 'n verlies met verkope van die bate van R20 948 tot gevolg gehad.

#### 4.2 Probleemoplossing

Elsabe Oos besit drie Mitre Minibusse. Sy is bekommerd oor die vordering van die besigheid.

##### GEVRA:

Identifiseer een probleem met elke minibus. Haal syfers aan en gee 'n oplossing vir die geïdentifiseerde probleme.

(9)

##### INLIGTING:

Inligting uit die onderneming se rekords op 30 Junie 2019, die finansiële jaareinde.

|                                               | Taxi 1       | Taxi 2       | Taxi 3     |
|-----------------------------------------------|--------------|--------------|------------|
| Datum aangekoop                               | 1 Julie 2009 | 1 April 2015 | 1 Mei 2018 |
| Kosprys van voertuig                          | R189 000     | R460 000     | R720 000   |
| Opgehoopte waardevermindering                 | R188 999     | R391 000     | R168 000   |
| Totale inkomste van minibus                   | R1 950 000   | R1 200 000   | R641 280   |
| Kilometers gedek                              | 81 250       | 52 500       | 26 720     |
| Tarief per kilometer                          | R24          | R24          | R24        |
| Brandstof- en herstelwerkkoste                | R1 170 000   | R540 000     | R130 000   |
| Brandstof – en herstelwerkkoste per kilometer | R14,40       | R10,30       | R4,90      |
|                                               |              |              |            |
| Begrote inkomste van tariewe (totaal)         | R5 000 000   |              |            |
| Begrote brandstof en herstelwerk (totaal)     | R1 750 000   |              |            |

| GRAAD 11 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERS FORMULEBLAD                                                     |                                                                                     |                                                                 |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$                                             | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$           | $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$                                        | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$                    |                                                                 |
| $\frac{\text{Totale verdienste per vennoot}}{\text{Vennoot gemiddelde ekwiteit}} \times \frac{100}{1}$      | $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsekwiteit}} \times \frac{100}{1}$ |                                                                 |
| Bedryfsbates : Bedryfslaste                                                                                 | (Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste                                            |                                                                 |
| (Handels en ander ontvangbares + Kontant en Kontantekwivalente) : Bedryfslaste                              |                                                                                     |                                                                 |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$                            | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$   |                                                                 |
| $\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$                       |                                                                 |
| Nie-Bedryfslaste: Eienaarsekwiteit                                                                          | Totale Bates: Totale Laste                                                          |                                                                 |